# DIE EERSTE BLANKES IN NATAL MET SPESIALE VERWYSING NA DIE FAREWELL-TSJAKA-OOREENKOMS

Vasco de Gama se *Terra de Natal* was teen die jaar 1823 vir die blanke nog 'n betreklike onbekende landstreek, veral wat die binneland betref. In die twee eeue wat op die Portugese ontdekking van Natal in 1497 gevolg het, is hierdie gebied dikwels regstreeks en onregstreeks deur seevaarders besoek. Die onbekende, rotsagtige kus het ook vir talle skipbreukelinge gesorg. In 1683 maak die Engelse vir die eerste keer met Natal kennis toe die *Johanna* verder noord, waarskynlik in die omgewing van die teenswoordige Lourenco Marques, strand.[1] Die tagtig skipbreukelinge het na 'n moeisame en gevaarlike tog Kaap die Goeie Hoop oorland bereik. Hulle doen volledig verslag van die gebiede waardeur hulle gereis het, asook van die inwoners van daardie streke. Die vrugbaarheid van hierdie vermelde gebiede beklemtoon hulle sterk.[2]

Die *Stavenisse* strand in 1686 in die omgewing van die latere Port Natal en dit neem hierdie Hollandse skipbreukelinge 'n jaar om 'n boot aanmekaar te timmer waarmee hulle later na Kaap die Goeie Hoop seil. By hulle vertrek laat hulle 'n paar avonturiers agter, onder wie vier Engelse en 'n Fransman. Die jaar 1688 se berigte in sake die „amazing fertility and strange productions of Natal" laat die Hollandse owerheid aan die Kaap besluit dat dit die moeite werd sal wees om die kus tot so ver as Delagoabaai deeglik te verken. Hulle doen ook by die baai van Natal aan en pik drie van die agtergeblewenes van die *Stavenisse* op, van wie hulle interessante en waardevolle inligting in sake Natal kry.[3]

Die bevelvoerder van die skip het, terwyl hulle in die baai vertoef het, die baai van Natal en sekere omliggende gebiede van 'n plaaslike hoofman gekoop.[4] Die betaalmiddel was krale, koper en ysterware. Groot was die teleurstelling toe die Hollanders 'n paar jaar later terugkeer om die gekoopte gebied in besit te neem en ontdek dat die hoofman van wie hulle die grond destyds gekoop het, intussen oorlede is. Die gewese hoofman se seun het heeltemal koud teenoor die aangeleentheid gestaan en verklaar: „My father is dead: his skins are buried with him in his house, which has been burnt over him; and the place is fenced in over which none now must pass: and as what he agreed to, it was for himself; I have nothing to say to it."[5] Hierna het die Engelse aan die begin van die agtiende eeu en toe weer die Hollanders in 1721 Natal vir 'n wyle besoek, maar van 'n permanente vestiging was daar geen sprake nie en

1. Mann, R. J.: *The Colony of Natal*, p. 10. Graham Mackeurton opper in sy *The Cradle Days of Natal*, 1497-1845, p. 55, die moontlikheid dat die *Johanna* nie by Delagoabaai of te wel Lourenco Marques gestrand het nie, maar wel by Algoabaai en dat die bemanning van die *Johanna* moontlik nooit eens Natal gesien het nie.
2. Holden, W. C.: *History of the Colony of Natal*, p. 36.
3. Mann, R. J.: op. cit., p. 12. Daar is onduidelikheid in sake hoeveel van die *Stavenisse* se agtergeblewenes opgepik is. Volgens Holden was dit twee persone: Sien Holden, W. C.: op. cit., p. 38.
4. Mann, R. J.: op. cit., p. 12. Holden egter meld dat die „officers in command of the expedition" die grond gekoop het: Sien Holden, W. C.: op. cit., p. 39. Mann weer praat van die „commander of the Dutch ship".
5. Holden, W. C.: op. cit., p. 40.

verdere ontmoeting tussen die blankes en die bewoners van Natal en Zoeloeland moes wag tot luitenant Francis George Farewell se koms.

Die geskrewe geskiedenis van Natal dateer eintlik vanaf die tyd toe 'n hidrografiese ekspedisie onder leiding van kaptein W. Owen in 1822 onderneem is.[6] In 'n poging om die handelsroete na die Ooste te verseker, het die Britse Admiraliteit die wenslikheid van 'n deeglike kennis van die Suidooskus van Suidelike Afrika besef. Ten spyte hiervan hêt die Britse Regering geen voorneme gehad om gebiedsuitbreiding in hierdie geweste aan te pak nie. Die Kaap was vir Brittanje van strategiese belang, maar Natal het vir hulle op die huidige oomblik geen voordeel ingehou nie. Ofskoon ongunstige weer Owen se ekspedisie aansienlik in die wiele gery het, was sy kennismaking met Soshangane en Zwangendaba van groot belang.[7]

Dit was veral die rapporte van hierdie hidrografiese ekspedisie wat die belangstelling van die Kaapse handelaars vir hierdie nog woeste en onontginde landstreek vanaf die Umtamvuna verder noord laat opvlam het. Hulle roep voor die gees 'n uiters florerende handel in ivoor. Henry Nourse en ook William Gradwell, laasgenoemde 'n Britse Setlaar uit Grahamstad se wêreld, begin onderskeidelik soek na aanknoping met die Bantoe om en by Delagoabaai. Kort na die terugkeer van Nourse en Kie. se *Orange Grove* besluit Farewell en King om 'n besoek te bring aan St. Lucia waar daar 'n groot aantal van Tsjaka se Zoeloes gewoon het. Farewell was dan ook vas oortuig daarvan dat die groot voorraad ivoor wat die Portugese by Delagoabaai bekom, in hierdie magtige Zoeloe-opperhoof se gebied verkry word.[8]

Met die finansiële steun van Farewell en Alex. Thompson en die kapteinskap van J. S. King verlaat 'n groep in die *Salisbury* die Kaap op soek na nuwe markte langs die Suidoos-Afrikaanse kus. In Algoabaai ontmoet hulle kaptein Owen wat op pad terug is van sy hidrografiese ekspedisie. Van hom ontvang King waardevolle inligting oor die gebied waarheen hulle op pad is. Veral waardevol vind King die kaart waarop die ligging van Port Natal en St. Luciabaai aangedui word.

Die sandbank by die ingang van die baai van Natal is verantwoordelik vir King se eerste mislukte poging om dié baai binne te vaar. Hy besluit om deur te seil na St. Lucia waar hy nie meer suksesvol is nie, inteendeel, Farewell en Thompson het ternouernood aan die dood ontkom toe die landingsbootjie wat hulle na die land moes neem, omkantel.[9] Die *Salisbury* keer na Port Natal terug en dit geluk hom hierdie keer om die sandbank te oorwin en die baai binne te seil. Na 'n deeglike verkenning van die baai en die onmiddellike omgewing spreek die geselskap hulle verbasing uit oor die moontlikhede van hierdie hawe. By hulle terugkeer in die Kaap vertrek King na Londen waar hy ywerig probeer om steun

6. Die feit dat daar in die geskiedenis van Natal voor 1822 soveel onduidelikhede en meningsverskil is, kan toegeskryf word aan die afwesigheid van geskrewe verslae.
7. Bryant, A. T.: *Olden Times in Zululand and Natal*, p. 563. Kort voor kaptein Owen se ontmoeting met Soshangana en Zwangendaba het dié twee uit Zoeloeland gevlug uit vrees vir Tsjaka se vervolging.
8. Stuart, J. en Malcolm, D. Mck.: *The Diary of Henry Francis Fynn*, p. 52.
9. Holden, W. C.: op. cit., p. 45.

te werf vir hulle planne om die handelsmoontlikhede in Natal en Zoeloeland te ontwikkel.

Vir hierdie beoogde onderneming het Farewell tuis redelik steun verkry, aangesien daar in die Kaap nou 'n steeds groeiende belangstelling in die kushandel te bespeur was. Op 1 Mei 1824 nader Farewell die Kaapse goewerneur, Lord Charles Somerset. Hy betreur sy vorige mislukking in sake die oopstel van handel met Natal en Zoeloeland, maar deel die Goewerneur mee dat hy 'n sterk begeerte koester om nog 'n keer te probeer, „. . . hoping that by making some stay there (Port Natal) we may get the natives to bring their produce to exchange for our goods; which in time might lead to important advantages. My intentions are to keep a vessel lying constantly in port, and to have a small party on shore to communicate with the natives and carry on trade."[10] Lord Charles Somerset heg sy goedkeuring aan so 'n onderneming mits „. . . the intercourse with the Natives be friendly and fair, and that there be no attempt at territorial acquisition without the knowledge of the Government".[11] Vir Lord Charles Somerset was hierdie onderneming van Farewell slegs maar nog 'n handelsonderneming. Hy was daarvan bewus dat Downingstraat op hierdie stadium nie die minste belanggestel het in verdere gebiedsuitbreiding in Suidelike Afrika nie. Die Farewell-onderneming was egter die begin van die permanente belangstelling van die blanke in Natal.

Farewell slaag daarin om twee klein skepies, die *Julia* en die *Ann*, uit te rus. In Maart 1824 vertrek die *Julia* onder aanvoering van Henry Francis Fynn uit die Kaap na Port Natal. Hy het sy bestemming waarskynlik in dieselfde maand bereik. In Natal aangekom, gee hy opdrag dat huisvesting by Port Natal opgerig moet word, terwyl hyself na die binneland vertrek op soek na Tsjaka ten einde met hom te onderhandel. As veiligheidsmaatreël stuur hy boodskappers vooruit. Hulle vind Tsjaka by sy Bulawayo-kraal, wat geleë was naby die teenswoordige Eshowe. Tsjaka, wat nog nooit tevore met 'n blanke kennis gemaak het nie, was ewe versigtig. Beslis dog taktvol het hy 'n ontmoeting met Fynn vermy. Hy versoek dat die ontmoeting uitgestel moet word totdat 'n meer geleë tyd gevind kan word.[12] Veertig beeste en 'n hoeveelheid ivoor vergesel die versoek. Terwyl Tsjaka-spioene hom fyn dophou moes die teleurgestelde Fynn die honderd myl terug na Port Natal aanpak. Sy teleurstelling word ietwat verlig toe hy by sy aankoms in Port Natal vir Farewell en geselskap daar vind. Hulle het ses weke na die *Julia* die Kaap in die *Ann* verlaat.

Tsjaka se baasspioen, Mhlopé, het die klompie blankes by Port Natal fyn dopgehou en toe hy aan Tsjaka rapporteer dat hulle heeltemal vriendelik en skadeloos blyk te wees, het laasgenoemde sy mees vooraanstaande diplomaat, Mbikwane, na Port Natal gestuur. Die magtige opperhoof van die Zoeloes versoek die blankes om hom met 'n besoek by Bulawayo te vereer.

Farewell het na Natal gekom met die vooropgestelde doel om handel te dryf — „. . . to communicate with the natives and carry on trade."

10. Bryant, A. T.: op. cit., p. 565. Met Farewell en King se aankoms by St. Lucia het hulle tevergeefs probeer om met Tsjaka in aanraking te kom.
11. Bryant, A. T.: op. cit., p. 565.
12. Stuart, J. en Malcolm, D. McK.: op. cit., pp. 66-67.

Van Tsjaka koop hy 'n gebied met Port Natal as uitgang tot die see.[13] Verder verseker Farewell dat dit duidelik gestel word in die ooreenkoms dat hy die reg voorbehou om aanspraak te maak op „. . . all rights to the rivers, woods, mines and articles off all denominations contained therein . . ."[14] Volgens die dokument het Tsjaka die ooreenkoms met sy kruisie bekragtig „. . . being fully aware that doing so is intended to bind me to all the articles and conditions . . .". Hierdie bekragtiging van die ooreenkoms het op 8 Augustus 1824 plaasgevind en as getuies het opgetree Mbikwana, Msika, Mhlopé en Hlambamanzi.

Die Farewell-Tsjaka-ooreenkoms was die eerste groot grond-transaksie tussen die Engelse en die Bantoe. Dit is interessant om na te gaan in hoeverre Farewell hom gehou het by Lord Charles Somerset se voorwaarde van „. . . the intercourse with the natives being friendly and fair, and that there be no attempt at territorial acquisition without the knowledge of the Government". Vriendelik was hy beslis teenoor Tsjaka ten tye van die wording van die ooreenkoms. Hy kon ook nie anders nie, want die sukses van die handelsonderneming het hoofsaaklik van Tsjaka se goedgesindheid afgehang. Volgens Bryant was dit Farewell se „. . . obvious purpose of defrauding the Natives, under the guise of a legal document, of their birthright . . .".[15] Hy skryf verder: „The uncvous sense of self-righteousness which invariably wells up in the Englishman's soul whenever he is engaged annexing primitives . . . is, to the unbiassed observer, sometimes as astounding as amusing".[16]

Volgens Bryant dan het Farewell hom nie gehou by die voorwaarde wat Lord Charles Somerset aan hom gestel het nie. Ons dink hier aan 'n ander grondtransaksie, ook in Natal, 'n paar jaar later as dié een onder bespreking — die Retief-Dingaan-ooreenkoms.[17] Dit was hier Piet Retief se doel om op 'n eerlike en regverdige wyse woonplek vir die Trekkers in Natal te kry. In albei gevalle, dié van Farewell en dié van Piet Retief, is dit duidelik dat die opperhoofde nie van plan was om die bepalings van die ooreenkoms wat hulle aangegaan het, na te kom nie: Tsjaka,[18] omdat, soos Bryant dit tereg ook stel, werklik nie eintlik geweet het waarom alles gaan nie en Dingaan, omdat hy die Trekkers in Natal gevrees het. Tsjaka, inteendeel, het geen vrees vir die blankes gehad nie. Ritter meld onder

13. „. . . grant make over and sell to F. G. Farewell and Company the entire and full possession in perpetuity . . . of the Port of Natal . . . and the surrounding country as herein described, viz.: the whole of the neck of land or peninsula on the south-west entrance and all the country ten miles to the southern side of Port Natal, as pointed out, and extending along the sea-coast to the northward and eastward as far as the river known by the native name, Gumgelote, being about twenty-five miles of sea-coast to the north-east of Port Natal, together with all the country inland as far as the nation called by the Zulus 'Gowagnewkos' extending about one hundred miles backward from the seashore . . ." Sien Bryant, A. T.: op. cit., p. 581.
14. Bryant, A. T.: op. cit., p. 581.
15. Ibid., p. 580.
16. Ibid.
17. Vergelyk hier in kontras met die gees van die kant van die blankes in twee vermelde grondtransaksies die optrede van Rhodes teenoor Lobengula.
18. Geen wonder dan ook dat Tsjaka vier jaar later na die ooreenkoms tussen hom en Farewell, terwyl laasgenoemde tydelik afwesig was uit Natal, die gebied en regte wat hy aan Farewell toegesê het, nou aan Nathaniel Isaacs toegesê het: Sien: Bryant, A. T.: op. cit., p. 585.




*Francis George Farewell.*
*(Uit: The Cradle Days of Natal).*

andere dat nadat die Engelse Tsjaka se kraal verlaat het, hy 'n vergadering van sy raad belê het met die doel om hulle te versoek om die blankes met die grootste agting en vriendelikheid te behandel, want „. . . they have knowledge, and there is much we can learn from them".[19] Dingaan was ten volle daarvan bewus dat hy besig was om grond aan die blankes af te staan en vir hom was die aanwesigheid van die Voortrekkers in Natal 'n bedreiging vir sy prestige. Hy sou hom dus nie by die bepalings van die ooreenkoms hou nie. Tsjaka was ten tye van die koms van die Engelse na Port Natal op die toppunt van sy militêre prestige en hy het

19. Ritter, E. A.: Shaka Zulu. *The Rise of the Zulu Empire*, p. 269.

geen vrees vir die Engelse openbaar nie. Hy sou die bepalings van die ooreenkoms verbreek omdat hy nie 'n begrip gehad het van die blankes se prosedure in die aankoop van grond nie. As hy nuwe gebiede wou annekseer, het hy dit deur middel van magsvertoning verkry.

Dit kan vrywel aangeneem word dat Farewell, as gevolg van die teenwoordigheid van 'n tolk, nie daarvan bewus was dat Tsjaka nie werklik besef het dat hy besig is om 'n deel van sy gebied aan Farewell af te




*'n Vroeë kaart van Port Natal soos opgestel deur Luit. King.*
(*Uit: The Diary of H. F. Fynn*).

staan nie. Ofskoon hy nie later in sy poging geslaag het „. . . to have his proposed Colony resignised by the English government, as a regular dependency of the British Empire" nie, het sy hoofdoel handel gebly en het hy nie beoog om op 'n onregverdige en slinkse manier grondgebied in die hande te kry nie. Sy hoofdoel was beslis nie om soos Theophilus Shepstone en 'n Cecil John Rhodes te help om die Britse Ryk uit te bou deur hulle anneksasies nie. Hierdie eerste grondtransaksie tussen die Engelse en die Bantoe was dus nie 'n poging om misbruik te maak van laasgenoemde se onkunde ten opsigte van die blanke se planne vir handelsuitbreiding nie.

Dat die dokument wat Farewell opgestel het onjuisthede bevat, is nie te betwyfel nie. So is dit byvoorbeeld onjuis om te beweer dat Tsjaka die gebied waaroor hy onbetwiste heerskappy gevoer het, van sy vader geërf het. Hierdie stelling bewys terselfdertyd Farewell se onkunde in sake die voorgeskiedenis van die Zoeloe, maar dit is nie 'n bewuste fout ten einde 'n dokument opgestel te kry nie. As Tsjaka wel die opset van die

hele dokument begryp het, sou hy waarskynlik nie hierdie fout laat deurglip het nie. Dit is tog seker 'n skending van sy prestige as onbetwiste heerser en 'n miskenning van sy prestasies op die slagveld. Hierdie onjuiste stelling van Farewell gee egter nie rede tot kritiek, gesien in die lig van die Goewerneur se voorwaarde van „. . . intercourse . . . being . . . fair" nie. Wat hier wel kritiek verdien, is die wyse waarop die betaalmiddel omskryf word in die dokument „. . . in consideration of diverse goods received." Dit is onbekend wat hierdie goedere presies ingesluit het, maar volgens Bryant „. . . there is every probability that they were of not more than a few shillings' worth".[20] Dit is waarskynlik hierdie vae omskrywing van die betaalmiddel wat aanleiding gegee het tot Bryant se veroordeling van die Farewell-Tsjaka-ooreenkoms. En sou die werklike waarde in geld of goedere, wat Farewell Tsjaka vir die verlangde gebied aangebied het, nou eintlik saak gemaak het? Munt was aan die Bantoe onbekend en ook van geen praktiese nut nie, aangesien rykdom by hulle slegs gemeet is in terme van beeste. Farewell het geen beeste gehad om Tsjaka aan te bied nie. Dit is bekend dat die Bantoe, net soos die Hottentotte, groot waarde geheg het aan goedere wat volgens blanke waardasie maar laag was. Hoe dit ookal sy, Tsjaka sou hom deur geen ooreenkoms van watter aard ookal, laat bind nie.

Die hele aangeleentheid kom daarop neer dat 'n ooreenkoms aangegaan is tussen twee partye, met agtergrond, gewoontes en gebruike, vir die een so vreemd as vir die ander. Hiérdie aspek moet eerder beskou word as die swakplek in die ooreenkoms en nie 'n beskuldiging soos dié van Bryant ten opsigte van Farewell nie.

O. Geyser.

20. Bryant, A. T.: op. cit., p. 581.